# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (33/09)*

*Justin Chadwick (21 Augustus 2009)* *Citrus Growers Association (CGA)*

***GESEGDE VAN DIE DAG: Murray Mexted: "Well, either side could win it, or it could be a draw."***

**VIER DIE SUKSES: Caster Semenya – Wêreldkampioen in 800m!!!!**

## BELANGRIKE DATUMS

Daar is besluit om die Standaarde Werkswinkels en die CMF te hou rondom die datums wat bepaal is vir die Departement Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) se koördineringsvergadering wat **in Stellenbosch by LNR Infruitec, Olive Grove op 16 September 2009 om 09:00 gaan plaasvind.**

Die **Standaarde vergaderings** gaan op **Dinsdag 15 September** gehou word met lemoene (nawels en valencias gesamentlik) vanaf 10:00 tot 12:00; gevolg deur suurlemoene, pomelos en sagte sitrus (almal saam) vanaf 13:00 tot 16:30 – almal by **LNR Infruitec, Olive Grove**.

Die **Sitrus Bemarkingsforum (CMF)** gaan dan na die DAFF vergadering (Woensdag, 16 September) vanaf 14:00 by dieselfde plek gehou word.

## TOYOTA "NEW HARVEST OF THE YEAR" KOMPETISIE

Ek was bevoorreg om die funksie waar die "Toyota New Harvest of the Year" wenner aangekondig is, by te woon. Israel Nemaorani was een van die tien finaliste, en om te luister na wat hy bereik het, was baie inspirerend. Hy het sterk kompetisie gehad, met die vlak van boerdery ondervinding en talent wat baie hoog was. Die profiele van hierdie tien finaliste dui dat die plase waar hul werksaam is in baie bevoegde hande is en dit was 'n positiewe teken gegewe die groot hoeveelheid publisiteit wat aan boerdery aktiwiteite gegee word, wat nie geslaag het nie. Ongelukkig het Israel nie gewen nie – maar ons kan trots wees op hom dat hy die finale tien gemaak het en die sitrusbedryf met trots verteenwoordig het.

## GEPAK EN VERSKEEP 2009

Die gepakte syfers wys dat pomelos, sagte sitrus en nawels se seisoene almal so te sê klaar is met die gepakte syfers naby aan die finale voorspellings. Nog 'n bietjie suurlemoene wat moet gaan - PPECB se grafieke toon dat die derde oes beslis hoër was as die vorige seisoen. Die fokus is dus op Valencias met 17 m kartonne wat nog gepak moet word. In omsendskrywe 30 is die bedryf se aandag op PPECB se grafieke gevestig wat die huidige jaar se kumulatiewe uitvoervolume getoon het in vergelyking met die hoogste kumulatiewe volume (van die laaste 5 jare) na alle uitvoermarkte. Die idee is dat wanneer volumes die hoogste vlakke nader, uitvoerders moet kyk hoe die pryse vaar – as pryse begin om af te neem moet voorsorg getref word in verdere verskepings na daardie mark. Die volgende markte is by of oor die hoogste volume vlakke: pomelos na Midde-Ooste en Rusland; suurlemoene na Midde-Ooste, Hong Kong en Japan; Sagte sitrus na Verre-Ooste; Lemoene (nawel and Valencia gekombineerd) na Midde-Ooste en Hong Kong. Neem asseblief kennis dat hierdie nie noodwending beteken dat hierdie markte oorvoorsien is nie, aangesien baie van die markte jaarliks ontwikkel; die waarskuwing is slegs om daarvan bewus te wees dat volumes hoër is as die gemiddelde en om pryse te monitor. Met meeste van die kommoditeite wat in Europa onder druk is, is daar 'n merkbare verskuiwing na markte buite die EU; suurlemoene is mees prominent met 45% wat na die EU in 2008 gegaan het in vergelyking met slegs 28% in 2009.

Die Midde-Ooste was 'n belangrike mark vir suider-Afrikaanse sitrus in 2009 – neem 43% van suurlemoene, 28% van nawels, 22% van Valencia en 7% van sagte sitrus. Asië (insluitende Japan en Verre-Ooste) het ook bewys om 'n waardevolle uitvoerstreek te wees – neem 38% van pomelos, 18% van Valencia, 11% van suurlemoene en nawels, en 5% van sagte sitrus. Rusland het ook van die druk van die EU markte af geneem deur 11% van Valencia en suurlemoene, 9% van sagte sitrus, 8% van nawels en 6% van pomelos te neem.

| Tot Week 33 – Miljoen 15Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bron : PPECB** | 2007 | 2008 | 2009 | 2008 | 2009 | 2009 | 2009 | 2008 | 2008 |
| Pomelos | 13.9 m | 12.6 m | 13.5 m | 11.9 m | 12.7 m | 15.1 m | 13.5 m | 12.8 m | 12.4 m |
| Sagte sitrus | 6.5 m | 7 m | 6.5 m | 6 m | 5.5 m | 7.4 m | 6.6 m | 7.3 m | 6.5 m |
| Suurlemoene | 6.5 m | 9 m | 7.9 m | 7.7 m | 6.3 m | 9.4 m | 8.2 m | 9.6 m | 8.8 m |
| Nawels | 18.3 m | 20.8 m | 19 m | 19.1 m | 17.2 m | 21.6 m | 19 m | 21.5 m | 21.2 m |
| Valencia | 21.5 m | 24.1 m | 21.2 m | 15.9 m | 12.1 m | 43 m | 38.2 m | 42.8 m | 40.4 m |
| | 66.7 m | 73.5 m | 68.1 m | 60.6 m | 53.8 m | 96.5 m | 85.5 m | 94 m | 89.3 m |

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**